# SAMEL INLIGTING VERANTWOORDELIK IN

PERSOONLIKE INLIGTING REEKS

UNIVERSITEIT iYUNIVESITHI STELLENBOSCH UNIVERSITY 100 1918 · 2018

Miskien doen jy 'n opname, of vra jy iemand om 'n vorm te voltooi. Dalk laai jy iemand se besonderhede op 'n databasis tydens 'n oproep. Wanneer jy iemand vir inligting vra oor hulself of hulle organisasie, samel jy persoonlike inligting in.

Hoé ons inligting aanvra is belangrik. Hier volg 'n paar voorstelle oor hoe ons vorms kan ontwerp wat aan die POPIA voldoen en boonop maklik is om te voltooi.

- [ ] **Beskryf die vorm se opskrif die doel van die vorm?**
  Beskrywende opskrifte gee 'n mens die versekering dat jy die regte vorm voltooi. Moenie administratiewe kodes gebruik as naam vir 'n vorm nie.



- [ ] **Het jy elke brokkie inligting op die vorm nodig? Hoekom?**
  Ons moet slegs inligting insamel wat ons regtig nodig het. Verwyder enige vrae wat onnodige inligting aanvra.

  Moenie 'n vraag herhaal waarop die Universiteit reeds 'n antwoord het nie. Byvoorbeeld, as jy 'n opname per e-pos uitstuur, moenie die deelnemer se e-posadres aanvra nie. Dit is tog duidelik dat jy dit reeds het. As jy iemand se Suid-Afrikaanse identiteitsnommer het, moenie ook hulle geboortedatum vra nie.

- [ ] **Sal dit duidelik wees vir die persoon hoekom ons hulle inligting nodig het?**
  As dit nie duidelik is uit die vorm of die privaatheidskennisgewing hoekom 'n vraag gevra word nie, moet jy dit in die vorm verduidelik. Mense wat nie weet hoekom 'n vraag gevra word nie, voel ongemaklik, en is dan geneig om vals of geen inligting te verskaf.

- [ ] **Het jy verpligte en opsionele velde aangedui?**
  Verpligte velde word gewoonlik met 'n asterisk (*) aangedui. By opsionele velde moet jy aandui wat die gevolge sal wees (indien enige) as die persoon nie die opsionele inligting verskaf nie.

- [ ] **Word inligting van 'n persoon onder 18 ingesamel?**
  Wanneer jy inligting van 'n minderjarige insamel, moet jy toestemming van 'n ouer of voog kry.



- [ ] **Gaan die inligting wat jy insamel na 'n ander land gestuur word?**
  Indien jy die inligting (vir watter rede ookal) aan 'n onderneming in 'n ander land stuur, moet jy die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur in kennis stel by **privaatheid@sun.ac.za.** Hulle sal jou deur die proses kan lei. Jy behoort die feit dat jy data gaan deel bekend te maak deur die korrekte privaatheidskennisgewing by die vorm in te sluit, en deur seker te maak dat die land wat die inligting ontvang soortgelyke databeskermingswetgewing in plek het, of dat die Universiteit 'n ooreenkoms met hulle het.

  Onthou! As jy 'n wolkgebaseerde diens (soos Dropbox, Google Drive, of iCloud) gebruik, stuur jy die inligting oorsee.

- [ ] **Gaan die inligting met iemand buite die Universiteit gedeel word?**
  Dit is vir mense belangrik om te weet of hulle inligting gedeel gaan word, daarom is dit belangrik om deursigtig te wees. Soms moet inligting met ander ondernemings of die regering gedeel word. Dit moet in jou privaatheidskennisgewing of in die vorm meegedeel word. Jy moet ook seker maak dat die Universiteit 'n ooreenkoms het met die onderneming wat die inligting ontvang.

  Onthou! Daar is 'n verskil tussen die deel van inligting wat die Universiteit gebruik, en om inligting in te samel namens iemand anders. In laasgenoemde geval is jy net besig om inligting aan te stuur sonder om dit te gebruik. Indien dit die geval is, is dit raadsaam om duidelik op die vorm aan te dui (bv. met 'n handelsmerk) dat iemand anders die inligting insamel.

  Onthou! Solank die inligting in jou besit is, is dit jou verantwoordelikheid om dit veilig te bewaar.



- [ ] **Samel jy die inligting direk van die individu in?**
  Inligting moet direk van die individu ingesamel word, maar as dit nie moontlik is nie, moet jy in die vorm aandui dat jy die inligting elders gaan insamel (bv. as jy 'n kredietkontrole doen of inligting by 'n derde party kry).

- [ ] **Is dit sensitiewe inligting?**
  Ons moet baie versigtig wees wanneer ons met spesiale persoonlike inligting werk. Selfs al is die inligting in die vorm nie sensitief nie, kan die aanhangsels sensitief wees. Ons moet daardie inligting as 'vertroulik' merk. Die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur se webtuiste (**www.sun.ac.za/privaatheid**) het hulpbronne oor persoonlike inligting en watter inligting as sensitief beskou word.



- [ ] **Verwys die vorm na ons privaatheidskennisgewing?**
  Sluit die volgende in jou vorm in: "Lees asseblief ons privaatheidskennisgewing oor hoekom ons die inligting nodig het en hoe ons dit gebruik."

  Hoe jy die privaatheidskennisgewing beskikbaar maak sal afhang van hoe die vorm voltooi word, naamlik, aanlyn of per hand. Indien dit 'n aanlynvorm is en jy nie die privaatheidskennisgewing in die vorm wil insluit nie, kan jy 'n skakel daarna gee. Indien die vorm per hand ingevul word, moet die privaatheidskennisgewing deel van die vorm wees.

  Steeds onseker? Kontak **privaatheid@sun.ac.za**

© Afdeling vir Inligtingsoorsigbestuur, Universiteit Stellenbosch